PAUL ROOS
GIMNASIUM | GYMNASIUM

(021) 887-0017/77 086 651 5969
info@paulroos.co.za | www.paulroos.co.za
Suidwal, Stellenbosch, 7600, South Africa

Geagte Ouers

Die afgelope week het ons 3 bevestigde gevalle van Covid-19 gehad. Twee leerders in graad 9 en een leerder in graad 11 is positief getoets.

Alle betrokke persone is gekontak en is aanbeveel om te isoleer. Alle departementele voorskrifte is gevolg. Aangesien die infeksiesyfer nasionaal styg, wil ons veilig en konserwatief wees in ons benadering en wil ons dus nie leerders en personeel aan onnodige risiko's blootstel nie.

Ons glo dat sosiale aktiwiteite en naweekaktiwiteite 'n groot rol speel in die verspreiding van die virus. Ons het tydens saalbyeenkomste die leerders hieroor ingelig sodat hulle meer bewus van die gevare kan wees.

Ons doen 'n beroep op ouers om hulle kinders aan te moedig om te alle tye Covid-19-protokol na te kom. Dit is tot voordeel van die skoolgemeenskap en huishoudings. Indien u kind siek voel, moet hy eerder tuis bly en gemonitor word vir Covid-19-simptome.

Ons waardeer u samewerking in hierdie tyd waar die skool daagliks gekonfronteer word met hierdie wisselvallige omstandighede.

André van Staden
REKTOR

31 Mei 2021